# 341. GEE MY ‘N HART OM U TE LOOF

```
              C            Dm
1.      Gee my ‘n hart om U te loof,
           G              C
        ‘n hart van sonde vry,
                        D7       G
        ‘n hart gereinig deur U bloed
                         C
        vry uitgestort vir my.

            C               Dm
2.      ‘n Need’rig hart aan U gewy,
              G               C
        troon van my Koning hier,
                          D7       G
        dis waar Yahshua tot my spreek,
                          C
        waar Hy alleen regeer.

            C         Dm
3.      ‘n Sagte en gebroke hart,
           G           C
        gelowig en getrou,
                             D7         G
        waar Hy deur lewe, dood en smart,
                              C
        Sy woning steeds behou.

            C             Dm
4.      ‘n Nuwe hart deur U gevoed,
            G               C
        vol liefde soos Yahweh,
                            D7       G
        volmaak en suiwer, reg en goed,
                          C
        net soos U dit wil hê.

              C            Dm
5.      Daar is geen vrede vir my hart,
           G              C
        tot U dit daar formeer,
                       D7      G
        tot elke sonde van my wyk,
                       C
        en U alleen regeer.
```